Sondag 3 Sep. 2023 - Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
Lied 464:1-3
Geloofsbelydenis - Nicea
Riglyn vir ons nuwe lewe (Fil. 4:4-9 83AV)
Selfondersoek
Lied 525:1&3
Gebed
Kinderkerk
Ps. 146-1:1&4
Tema: Hoe kan ek vreugde ervaar? (2)
Preek
Gebed
Dankoffer vir barmhartigheid
Psalm 33-1:1-2
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Hoe kan ek vreugde ervaar? (2)**

**Inleiding**
**A: Vreugde is ’n hemelse moet**
1. Fil. 4:4: *Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!*
2. 1 Tes. 5:16: *Wees altyd bly*.
3. Vreugde is nie ’n opsie nie.
4. Te alle tye!

**B: 10 Bybelse riglyne hoe ek God se soort vreugde kan ervaar**
1. Sekerheid oor my verlossing bring vreugde!
   a. Fil. 4:4: *Wees altyd bly **in die Here**! Ek herhaal: Wees bly*!
   b. Ps. 37:4: *Vind jou vreugde **in die Here***!
   c. Ps. 32:11: *Verbly julle **in die Here** en juig, regverdiges, jubel, alle opregtes*.
2. Gehoorsaamheid bring vreugde.
   a. Sonde steel my vreugde. (Ps. 51:10 & 14)
   b. Hoe kry ek God se soort vreugde weer terug? **Gehoorsaamheid!**
      i. Joh. 15:10-11: *As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees*.
   c. Soos wat jy al hoe meer gehoorsaam word begin jy al hoe meer die Here se nabyheid ervaar, en naby die Here beleef jy vreugde!
      i. Ps. 16:11: *By U is daar oorvloedige blydskap*.
      ii. Ps. 21:7: *U skenk my oorvloedige blydskap deur u nabyheid*.
3. Tel jou seëninge.

   a. Fil. 4:8: *Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig*.

4. Vreugde lê in die klein dingetjies. (Pred. 1&2)
5. Net die feit dat jy nog leef is 'n rede vir vreugde!
   a. Pred. 9:4: *Solank jy onder die lewendes is, het jy hoop. 'n Hond wat lewe, is beter as 'n leeu wat dood is*.
6. Jou huwelik is veronderstel om 'n bron van vreugde te wees.
   a. Pred. 9:9: *Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, dié lewe wat tot niks kom nie, maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het, die hele lewe wat tot niks kom nie. Dit is wat jou toekom in die lewe, wat jou toekom vir al jou geswoeg in hierdie wêreld*.
   b. Spr. 5:18: *Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou*.
   c. Hooglied.
   d. Die vreugde van kinders! (Spr. 23:15, 24-25, Ps. 127, 128)
7. Lofliedere bring vreugde.
   a. In die lofpsalms word vreugde ervaar. (Ps. 2, 9, 33, 100, 146)
8. Om aan ander vreugde te bring, gee aan jou vreugde.
   a. Hand. 20:35: "*Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang*."
9. Vriende is vreugde.
   a. Dawid en Jonatan. (1 Sam. 18-20)
   b. Spr. 17:17: *Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken*.
   c. Spr. 18:24: *Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer*.
   d. Spr. 27:9: *Die genot van vriendskap lê in die raad wat jy kry*.
   e. Pred. 4:10: *As die een val, kan die ander hom ophelp*.
10. Maak jou bekommernisse wat jou vreugde steel aan die Here bekend. (Fil. 4:6)